

[O]m die wit staar aan myself te verduidelik: die interseksionele spreker in Antjie Krog se *Plunder* - **Ihette Senekal** (University of South Africa)

Die inbedding van dominansie in interseksionaliteitsteorie noodsaak volgens Cynthia Levine-Rasky (2011:244-245) die studie van middelklasheid en witheid as twee van Brah en Phoenix se veelvoudige merkers van differensiasie, wat te voorskyn kom uit spesifieke historiese kontekste. Suid-Afrika se komplekse en veranderende historiese konteks kan in hierdie opsig dien as 'n bloeipunt vir die ondersoek na die episteme van 'n geleefde realiteit wat sigself se eie kompleksiteit erken en verken. 'n Voorbeeld van die uitbeelding van so 'n geleefde realiteit kan in Antjie Krog se 2022-bundel, *Plunder*, op 'n veelfasettige wyse nagespeur word.

Weber (2004) se konsepsionele raamwerk van interseksionaliteit dui aan dat dominansie kontingent is op uitsluiting (in Levine-Rasky, 2011:244). Uitsluiting impliseer weer 'n relasionele magverhouding, aangesien mag beoefen moet word om uit of in te kan sluit. Die relasionele posisie van die wit vrou in Suid-Afrika sluit op funksionele wyse aan by die ondersoek na middelklasheid en witheid. Die ontmagtiging van vrouwees is welbekend binne interseksionaliteitsteorie, maar hierdie ontmagtiging word in 'n mate weerspreek deur *wit* vrouwees. Van der Westhuizen (2016: 228-229) stel dat – binne die historiese konteks van apartheid – die Suid-Afrikaanse wit vrou se etno-rassige vroulikheid 'n proses van interseksionele verskuiwing ondergaan waarbinne die ontmagtigende posisie van vrouwees 'n teenwig vorm vir die verhewe status van witheid en middelklasheid. Van der Westhuizen (2016:222) noem verder dat die konteks van postapartheid beskryf kan word as 'n terrein van betwisting van voorheen genormaliseerde hiërargieë, maar dat daar steeds in gedagte gehou moet word dat die amptelike einde van apartheid nie die onmiddellike einde van die magseffekte van die apartheidsdiskoele beteken nie. Juis weens die kompleksiteit van hierdie historiese en sosiale kontekste, bied 'n ondersoek na die wit vrou se interseksionele bestaan in postapartheid Suid-Afrika 'n andersoortige perspektief op tradisionele beskouing van interseksionaliteitsteorie (wat eerder fokus op die vrou in 'n gerassifiseerde en/of werkersklas posisie).

Die doel van hierdie referaat is om ondersoek in te stel na die geleefde realiteit van die spreker – 'n Suid-Afrikaanse wit vrou – in Antjie Krog se *Plunder*, met spesifieke fokus op die gedig “(work in progress) 'n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik”. Die aspekte van verkenning sal insluit hoe die interseksionele realiteit/identiteit van die spreker beïnvloed word deur witheid, middelklasheid, mag en interseksionele verskuiwing.